Totiusbulletin

20 Januarie 2019

Hartlik Welkom

Mag u saam met ons die Here loof en prys. Mag Hy deur die werking van sy Heilige Gees u voed met die rykdom van sy Woord. Sou u 'n besoek van die predikant of ouderling verlang skakel asb. met ds. Henk Stavast (082 304 4667) of Skriba, br. Koot vd Walt (082 809 8522). U kan ook u gegewens op skrif stel en in die dankofferkassies by die deure gooi.

Onderlinge Meelewing en Terugvoer

Ons dra almal wat beproef word deur lyding, siekte en hartseer aan die genade van die Here op en is saam met hulle bly wat vreugde ervaar.

- Sterkte en spoedige beterskap toegebid aan sr. Sarie Cilliers wat 'n knievervanging ondergaan het. Ons is dankbaar alles het goed verloop.
- Isabella, dogter van br. Gerard en sr. Liezel de Wet, het haar sleutelbeen gebreek. Spoedige beterskap toegebid.
- Hartlike gelukwense aan br. Peter en sr. Saskia Meijer met hul seun Anton, se verlowing.

Lidmate wat chronies siek/bejaard is en tuis besoek kan word.
Selfs 'n oproep kan help om eensaamheid & siekte vir 'n oomblik op die agtergrond te skuif.
sr. Rita Venter, sr. Ria Jacobs, sr. Nell Joubert, sr. Anna v Rooyen, br. Jan Aucamp, sr. Marie Botha & br. Sakkie Cilliers.

Verjaarsdae & Huweliksherdenkings

20 Jan: Sr. Erika Gieselbach, (18 jaar) sr. Lindie & br. Nick Venter
21 Jan: Sr. Mariolize Kesslau, (52 jaar) sr. Sarie & br.Sakkie Cilliers
23 Jan: Arina Jordaan
24 Jan: Sr. Marzaan de Bruyn
25 Jan: Limri Coetsee
25 Jan: Sr. Chrissie van Lochem
26 Jan: Br. Lourens Erasmus, sr. Rita Pretorius (**92**)

Weens stakings, kon die skoonmaakster nie Vrydag by die werk wees om die kerk skoon te maak nie. U begrip vir 'n moontlike "stoffie hier en daar" word dus waardeer.

Teeskinkbeurte

27 Jan:	***Antoinette Deysel***	Cryselda Venter	Louisa vd Walt
	Inge vd Walt	Xenia Rossouw	
03-Feb	***Nadine vd Wetering***	Theonette Vogt	Jonèl Mulder
	Joanita Fouchè	Amelia Broodryk	

Sameroepster: Indien u nie kan nie, reël self iemand in u plek. Bevestig met helpers.

Sleutels: ***Koster sluit terrein en stoorkamer om 8h30-8h45 oop.***
Kassies se sleutels en teeskink toebehore is in die stoor langs die badkamers

Te leen gesoek: 'n 2 plaat stofie vir die tyd wat die kombuis in verbouing is. Kontak kerkkantoor.

Kantoor ure: Maandae, Woensdae, Vrydae 8h00 tot 13h00

Vanaf die Kerkraad

Kollektes:

Vandag:
Banke: Barmhartigheid
Deure: Kerkkas

Volgende week:
Banke: Barmhartigheid
Deure: Teologiese studentekas Kerkkas

Katkisasie:

Sondae: gr.0 – 11 : Les 1
Woensdae: 23 Jan – Geen klas a.g.v. skoolbedrywighede

Karwag Diensbeurte

20 Jan: Hendrik & Wiets vd Westhuizen
27 Jan: Pieter Venter & Peter Meijer

Kommissie vergaderinge

21 Jan: Jeug kommissie. Eiendomskommissie

Diakonie

- Vervoer na eredienste
- Voedselprojek: swart krat beskikbaar by die deure.

Bybelstudie

Woensdag 10h30 in die konsistorie.

Susters:

- Algemene vergadering: Na afloop van die oggenddiens. Alle susters word opgeroep en is hartlik welkom.
- Saamtrek 9 Maart: Betaling en bespreking by sr. Maronèl voor 4 Feb 2019.

Oggenddiens

Ds. H.L. Stavast

Meelewingspsalm: Ps 35:4

SKRIFGEDEELTE: 2 Korinthiërs 5

TEKSVERSE: 2 Korinthiërs 5: 17

SANG: Ps 100: 1 - 4

Ps 89:1

Ps 119: 30 + 33

Ps 92: 3, 6 + 7

UIT GENADE INGELYF IN CHRISTUS TOT NUWE MENSE

1. Wat word van alle mense afgebreek en hoekom?
2. Wat word van die mens sonder God as dit afgebreek is?
3. Wat het God deur Christus vir ons gedoen?
4. Wat moes Christus doen om dit vir ons te doen?
5. Hoe word die mens deel van dit wat Christus gedoen het?
6. Wat is die gevolg van die mens wat deel het daaraan?
7. Wie is verantwoordelik vir dit alles?
8. Wat is die inhoud van die versoening?
9. Wat is die mens wat met God versoen is, se verantwoordelikheid?
10. Wat beteken dit vir jou dat jy in Christus is?

Aand Erediens

Ds. H.L. Stavast

SKRIFGEDEELTE: Handelinge 16

TEKSVERSE: Handelinge 16: 30 + 31

SANG: Ps 18: 1, 12 + 13

Ps 148: 1 + 5

Ps 119: 1 + 2

Bybelplasingstoer na Malawi in Junie

Die Jeugdeputate nooi alle hoërskoolleerders en studente van regoor die land uit om saam Malawi toe te gaan. Ons gaan Bybels uitdeel, oor dissipelskap saampraat en groot pret hê!
Ons vertrek 23 Junie vanaf GK Pretoria-Alkantrant en sal die 4de Julie terugkeer. Verblyf is in tente by Monkey Bay in Malawi. Die koste is R4000 per persoon. 'n R2000-deposito in Februarie sal jou plek verseker!
Moenie hierdie opwindende geleentheid misloop nie! Besoek www.gkjeug.co.za vir meer inligting, of skakel Reynold Fourie (0847076276) of Zak Scholtz (0798854206).

Evangeliste, ouderlinge en lidmate van u gemeente word hartlik uitgenooi na 'n toerusting seminaar by die Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin.
Die seminaar sal oor twee aande strek, met die eerste module wat DV op **Dinsdagaand 22 Januarie 2019** sal plaasvind, en die tweede module DV op **Dinsdagaand 29 Januarie 2019.** *(albei hierdie modules vorm 'n eenheid – dus is dit belangrik om albei by te woon)*
Dit sal albei aande om **18:30** begin en om ongeveer teen **21:30** se kant ten einde loop.
Dr Ed Gross gaan die seminaar oor Nuwe Testamentiese dissipelskap en Jesus se strategie vir die maak van Nuwe dissipels aanbied .

Tee/koffie en versnaperings word vanaf 18:30 aangebied, en daarna volg die seminaar.

U word vriendelik versoek om asseblief die getal lidmate in u gemeente wat belangstel om die seminaar by te woon voor of op **18 Januarie 2018** vir ons kerkkantoor deur te gee, sodat verversings gereed gemaak kan word.

Kontakbesonderhede:
Annlin Kerkkantoor
E-pos: kerkkantoor@annlin.co.za
Tel: 012 567 1492
Selfoon: 079 162 3453

Saterdag 2 Februarie – Jeug Fondsinsameling : Karwas by die kerk

Tyd en kostes sal later deurgegee word.

Sondag 27 Januarie

- Moet die Hoër- en Naskool Jeug net na kerk agterbly asseblief sodat ons die jaar se beplanning aan

hulle kan deur gee.

Die susters van
Gereformeerde Kerke Oos-Moot en **Die Kandelaar**
nooi julle hartlik uit na die saamtrek vir die Pretoria-streek.

DATUM EN TYD: **Saterdag 9 Maart 2019 om 09:00** (registrasie vanaf 08:00)

TEMA: **Om-gee-wingsbewus**

SPREKERS: **Prof. Albert Coetsee** (Teologiese Skool Potchefstroom) &
Annabé Pretorius (polimeer wetenskaplike en onafhanklike plastiekkonsultant)

PLEK: **NG Kerk Magalieskruin**, Joycelaan 150, Magalieskruin (25.6880° S; 28.2368° E)

KOSTES: **R150 per persoon** (sluit ontbyt en ligte middagete in)

RSVP: **6 Februarie 2019**